



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2017

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat 'n sinoptiese weerkaart van suidelike Afrika toon. Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.1.1 Die sinoptiese weerkaart is om (12:00/14:00) saamgestel.
- 1.1.2 Die seisoen wat die sinoptiese weerkaart voorstel, is (somer/winter).
- 1.1.3 Gebied **A** op die sinoptiese weerkaart is 'n (rug/trog).
- 1.1.4 Die weerstelsel wat met die gebied by **A** geassosieer word, lei tot (stabiele/onstabiele) weerstoestande.
- 1.1.5 Die wind by weerstasie **B** is 'n (NNO/SSW)-wind.
- 1.1.6 Die windspoed by weerstasie **B** is (20/10) knope.
- 1.1.7 Die lugdruk in die middel van die Suid-Atlantiese antisikloon is (laer/hoër) as 1 032 hPa/mb. (7 x 1) (7)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die geomorfologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Plek langs 'n rivier waar twee of meer riviere ontmoet	A dreineerbekken B waterskeiding
1.2.2 'n Stroom wat by die hoofstroom aansluit	C samevloeiing D oorsprong/bron
1.2.3 'n Hoogliggende gebied wat twee strome in dieselfde dreineerbekken van mekaar skei	E interfluviale rif F riviermond
1.2.4 Totale oppervlakte wat deur 'n rivierstelsel gedreineer word	G sytak H stroomordes
1.2.5 Hiërargie van strome in 'n dreineerbekken	I niestandhoudende rivier
1.2.6 Hoogliggende gebiede wat rivierstelsels in verskillende dreineerbekken onderverdeel	
1.2.7 Punt waar 'n rivier in die oseaan invloei	
1.2.8 Hoogliggende gebied waar 'n rivier sy ontstaan het	

(8 x 1) (8)

- 1.3 FIGUUR 1.3 is 'n driedimensionele voorstelling van 'n middelbreedte-sikloon oor die Verenigde State van Amerika.
- 1.3.1 Benoem front **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 1.3.2 In watter ontwikkelingstadium is hierdie middelbreedte-sikloon? (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Gee 'n bewys in die diagram ter staving dat hierdie middelbreedte-sikloon in die Noordelike Halfrond voorkom. (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Gee 'n rede waarom front **B** met meer wydverspreide reënval as front **A** geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Beskryf die waarskynlike weerstoestande wat met die wolktipe by front **A** geassosieer word. (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Bespreek TWEE verwagte weersveranderings wat kan plaasvind wanneer die middelbreedte-sikloon die okklusiestadum bereik. (2 x 2) (4)
- 1.4 Bestudeer FIGUUR 1.4 wat 'n spotprent oor 'n stedelike hitte-eiland toon.
- 1.4.1 Voltooi die stelling wat die stedelike hitte-eiland in skets **A** beskryf: 'n Stedelike hitte-eiland beskryf die verskynsel waar ... (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Verwys na **B** en gee TWEE redes vir hitte wat in die stad ontwikkel. (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Wat is die uitwerking van die verhoogde temperature op mense wat in die stad woon? (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Gee, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, volhoubare metodes wat ingestel kan word in 'n poging om die temperatuur in die stad te beheer. (4 x 2) (8)
- 1.5 FIGUUR 1.5 toon die hoeveelheid water in 'n rivier tydens die droë seisoen en reënseisoen.
- 1.5.1 Noem die tipe rivier in die foto. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Gee 'n bewys in die foto om jou antwoord op VRAAG 1.5.1 te ondersteun. (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Definieer die term *watertafel*. (1 x 1) (1)
- 1.5.4 Teken TWEE benoemde diagramme om die verskillende posisies van die watertafel in die droë seisoen en die reënseisoen te toon. (2 x 2) (4)
- 1.5.5 Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die invloed van neerslag en gradiënt op die hoeveelheid afgesette materiaal wat op die rivierbodem waargeneem kan word. (4 x 2) (8)

- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat twee tipes riviervloei, **A** en **B**, toon.
- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 1.6.1 | Identifiseer die tipes riviervloei A en B . | (2 x 1) | (2) |
| 1.6.2 | In watter loop van die rivier verwag jy om riviervloei B aan te tref? | (1 x 1) | (1) |
| 1.6.3 | Gee 'n rede vir riviervloei A in die foto. | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.4 | Waarom word riviervloei A met meer erosie geassosieer? | (1 x 2) | (2) |
| 1.6.5 | Verduidelik die verskil in die kleur van die water wat met riviervloei A en B in die foto's geassosieer word. | (2 x 2) | (4) |
| 1.6.6 | Waarom is riviervloei A meer geskik vir avontuurtoerisme? | (2 x 2) | (4) |
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 Lees die volgendes stellings. Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word wat elke sin geografies KORREK sal maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.1.1 | (Warm/Koue) lug styg as gevolg van konveksiestrome en lei tot 'n laagdruk op die aarde se oppervlak. | | |
| 2.1.2 | Die Coriolis-krag veroorsaak dat lug wat in die Suidelike Halfrond horisontaal oor die aardoppervlak beweeg, na (links/regs) gedeflekteer word. | | |
| 2.1.3 | Die (tropiese oostewinde/westewinde) is globale windstelsels wat die bewegingsrigting van middelbreedte-siklone beïnvloed. | | |
| 2.1.4 | 'n (Laag/Hoog)-drukstelsel word 'n antisikloon genoem. | | |
| 2.1.5 | 'n Verandering in die windrigting wat in die Noordelike Halfrond met 'n middelbreedte-sikloon verband hou, word (krimping/ruiming) genoem. | | |
| 2.1.6 | Hoogdrukstelsels word met (stabiele/onstabiele) weerstoestande geassosieer. | | |
| 2.1.7 | 'n Vertikaal ontwikkelde wolk langs die koue front van 'n middelbreedte-sikloon word 'n (nimbostratus/cumulonimbus)-wolk genoem. | | |
| 2.1.8 | 'n Styging in seevlak, wat met 'n tropiese sikloon verband hou en wat tot kusoorstromings lei, word 'n (stormstuwing/tsoenami) genoem. | (8 x 1) | (8) |

- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 oor verskillende dreineerpatrone en pas ELK van die beskrywings hieronder by een van die dreineerpatrone **A** tot **E**. Jy kan dieselfde dreineerpatroon meer as een keer kies.
- 2.2.1 Die stroompatroon wat met rotse wat dieselfde weerstand teen erosie bied, geassosieer word
- 2.2.2 Hoofstrome wat parallel aan mekaar vloei
- 2.2.3 Hoofstrome wat 90°-verbuigings langs die loop het
- 2.2.4 Strome met 'n onreëlmatige patroon
- 2.2.5 Riviere wat weg van 'n sentrale punt vloei
- 2.2.6 'n Dreineerpatroon wat oor rotse vorm wat verskillende weerstande teen erosie het as gevolg van plooiing
- 2.2.7 Sytakke sluit teen skerphoeke by die hoofstroom aan (7 x 1) (7)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat waarneembare bane van tropiese siklone in die VSA toon.
- 2.3.1 Hoeveel tropiese siklone het in die 2015-seisoen voorgekom? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Waarom beweeg tropiese siklone in 'n westelike rigting? (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Gee die term wat gebruik word om na tropiese siklone in hierdie gedeelte van die wêreld te verwys. (1 x 1) (1)
- 2.3.4 Bespreek TWEE toestande wat die ontwikkeling van tropiese siklone bevorder. (2 x 2) (4)
- 2.3.5 Die baan van 'n tropiese sikloon kan baie onvoorspelbaar wees. Gee, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, moontlike redes vir die onvoorspelbare baan wat dit volg en waarom dit probleme vir rampbestuurspanne skep om die impak van tropiese siklone effektief te bestuur. (4 x 2) (8)
- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat antisiklone oor suidelike Afrika toon.
- 2.4.1 Benoem hoogdruksele **B**. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Waarom domineer hoogdruksele **B** die binneland van Suid-Afrika in die winter? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Gee 'n rede vir die gebrek aan reënval wat met hoogdruksele **A** geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Verduidelik die verandering in die posisie van die antisiklone oor Suid-Afrika tussen somer en winter. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik waarom die Suid-Indiese Hoogdruksele meer vogtige lug in die somer as in die winter oor die binneland invoer. (3 x 2) (6)

- 2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5 wat rivierverjonging voorstel.
- 2.5.1 Definieer die term *rivierverjonging*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Noem EEN toestand wat rivierverjonging tot gevolg het. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Wat dui 'n knakpunt op 'n rivierprofiel aan? (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Wat is die invloed van rivierverjonging op die gradering van 'n rivier? (1 x 2) (2)
- 2.5.5 Beskryf, met redes, in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, die veranderinge wat in die fluviale verskynsels in die benedeloop van die rivier as gevolg van rivierverjonging sal voorkom. (4 x 2) (8)
- 2.6 Lees die uittreksel in FIGUUR 2.6 wat op rivieropvangsgebiede in Suid-Afrika gebaseer is.
- 2.6.1 Wat is 'n *opvangsgebied*? (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Watter bewys in die artikel dui daarop dat droogte 'n alomteenwoordige risiko is? (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Gee EEN rede vir die vernietiging van opvangsgebiede. (1 x 2) (2)
- 2.6.4 Stel TWEE stappe voor wat deur die regering en nieregeringsorganisasies (NRO's/NGO's) gedoen moet word om opvangsgebiede wat in gevaar is, te bestuur. (2 x 2) (4)
- 2.6.5 Bespreek die negatiewe impak van swak opvangsbestuurspraktyke vir Suid-Afrika. (3 x 2) (6)
- [75]**

AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

- 3.1 Dui aan of ELK van die stellings hieronder 'n STEDELIKE of 'n LANDELIKE nedersetting beskryf. Skryf slegs STEDELIK of LANDELIK langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.1.1 Enkelfunksionele nedersetting
- 3.1.2 Sluit dorpe, stede, 'n metropool en 'n megalopolis in
- 3.1.3 Geassosieer met sekondêre, tersiêre en kwaternêre aktiwiteite
- 3.1.4 Sluit plaasopstalle, gehuggies en boeredorpie in
- 3.1.5 Toon 'n verspreide nedersettingspatroon
- 3.1.6 Het 'n verskeidenheid funksies, soos winkels, skole en aanbiddingsplekke
- 3.1.7 Gekenmerk deur primêre ekonomiese aktiwiteite
- 3.1.8 Vervul die rol van 'n sentrale plek (8 x 1) (8)
- 3.2 Verwys na FIGUUR 3.2 en pas die tipes nywerhede in die diagram by die stellings hieronder.
- 3.2.1 Nywerhede wat bederfbare produkte vervaardig
- 3.2.2 Nywerhede wat enige plek geleë kan wees en nie deur die ligging van markte of grondstowwe beperk word nie
- 3.2.3 Nywerhede wat enige plek geleë kan wees en nie deur faktore soos hulpbronne of vervoer beïnvloed word nie
- 3.2.4 Nywerhede wat swaar grondstowwe verwerk
- 3.2.5 Nywerhede wat aan die buitewyke van beboude gebiede geleë is as gevolg van geraas- en lugbesoedeling
- 3.2.6 Nywerhede wat tussen die grondstofbron en die mark (klante) geleë is
- 3.2.7 Nywerhede wat klein gebiede beslaan en wat in die stadskern geleë kan wees (7 x 1) (7)

- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 wat 'n satellietbeeld van 'n landelike nedersetting toon wat op die binnelandse plato in Suid-Afrika geleë is.
- 3.3.1 Identifiseer die landelike nedersettingspatroon in FIGUUR 3.3. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Waarom word hierdie tipe nedersettingspatroon met grootskaalse boerdery geassosieer? (1 x 2) (2)
- 3.3.4 Waarom maak hierdie tipe nedersettingspatroon boere kwesbaar vir plaasaanvalle? (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls die moontlike faktore wat die ligging van hierdie nedersetting kon beïnvloed het. (4 x 2) (8)
- 3.4 FIGUUR 3.4 toon data oor grondrestitusie in die verskillende provinsies in Suid-Afrika.
- 3.4.1 Definieer die term *grondrestitusie*. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Gee die totale getal grondeise wat tot op hede gemaak is. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Watter provinsie het tot dusver die grootste hoeveelheid grond vir grondrestitusie toegeken? (1 x 1) (1)
- 3.4.4 Lewer kommentaar op die totale grondkoste in verhouding tot die totale hoeveelheid wat vir die grondrestitusieproses toegestaan is. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 3.4.4. (2 x 2) (4)
- 3.4.6 Verduidelik die belangrike rol wat grondrestitusie in die sosiale regsproses in 'n demokratiese Suid-Afrika speel. (3 x 2) (6)
- 3.5 FIGUUR 3.5 is 'n artikel oor informele handel in Suid-Afrika.
- 3.5.1 Noem TWEE algemene kenmerke van informele handel wat in die foto sigbaar is. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Gee 'n rede waarom die bydrae van die informele sektor tot die BBP 'n geskatte 29% is. (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Waarom het klein ondernemings nie effektiewe sakemodelle en uitbreidingsstrategieë soos wat in die artikel genoem word nie? (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls om die voordele en nadele van informele handel op die Suid-Afrikaanse ekonomie te verduidelik. (4 x 2) (8)

3.6 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.6 oor voedselonsekerheid.

- 3.6.1 Wat is *voedselonsekerheid*? (1 x 1) (1)
- 3.6.2 Waarom, volgens die artikel, kom die meeste mense wat aan voedselonsekerheid ly, uit Asië en Afrika? (1 x 1) (1)
- 3.6.3 Verduidelik waarom kleinboere in Asië en Afrika ekonomies kwesbaar is. (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Bespreek TWEE kenmerke van bestaansboere wat hulle kwesbaar maak. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Gee oplossings om die probleem van globale hongersnood te verminder. (3 x 2) (6)
- [75]**

VRAAG 4

4.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 I.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Toename in die getal mense wat in stedelike gebiede woon	A	stedelike morfologie
4.1.2	Sone aan die buitewyke van die stad waar stedelike en landelike funksies met mekaar vermeng	B	ongebreidelde/ onplanmatige stedelike uitbreiding
4.1.3	Veroudering en agteruitgang van geboue in die stadskern	C	landelik-stedelike oorgangssone
4.1.4	Vormlose uitbreiding van stedelike gebiede na die omliggende landelike gebied	D	stedelike profiel
4.1.5	Interne struktuur van 'n stedelike gebied	E	stedelike groei
4.1.6	Stelsel waarvolgens nedersettings volgens grootte en funksies in 'n rangorde geplaas word	F	stedelike verval
4.1.7	Toename in die grootte van stedelike gebiede	G	stedelike uitbreiding
		H	stedelike hiërargie

(7 x 1) (7)

4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.2.9 D.

4.2.1 Die hoë-tegnologiesektor van die ekonomie wat met navorsing en ontwikkeling verband hou:

- A Primêre
- B Sekondêre
- C Tersiere
- D Kwaternêre

4.2.2 'n Ekonomiese aktiwiteit wat met vervoer, die bankwese en ander dienste geassosieer word:

- A Kwaternêre
- B Tersiere
- C Sekondêre
- D Primêre

4.2.3 'n Term wat goedere beskryf wat hoofsaaklik vervaardig word om aan ander lande te verkoop:

- A Tuismark
- B Invoermark
- C Uitvoermark
- D Streeksmark

4.2.4 Totale waarde van produkte en dienste wat in een jaar in 'n land vervaardig word:

- A Bruto nasionale produk
- B Bruto geografiese produk
- C Bruto binnelandse produk
- D Bruto provinsiale produk

4.2.5 Die kleinste kernnywerheidsgebied wat die meeste tot die jaarlikse BBP van Suid-Afrika bydra:

- A PWV-Gauteng
- B Durban-Pinetown
- C Port Elizabeth-Uitenhage
- D Suidwes-Kaap

4.2.6 Die agglomerasie van nywerhede in 'n paar kerngebiede:

- A Nywerheidsdesentralisasie
- B Ruimtelike ekonomiese sones
- C Nywerheidsontwikkelingsones
- D Nywerheidsentralisasie

- 4.2.7 Die verwerking van grondstowwe om hulle waarde te verhoog:
- A Primêre aktiwiteite
 - B Sekondêre aktiwiteite
 - C Tersiere aktiwiteite
 - D Kwaternêre aktiwiteite
- 4.2.8 Die kernnywerheidsgebied waar die diepste hawe in Suid-Afrika onlangs voltooi is:
- A PWV-Gauteng
 - B Durban-Pinetown
 - C Suidwes-Kaap
 - D Port Elizabeth-Uitenhage (8 x 1) (8)
- 4.3 Verwys na FIGUUR 4.3, 'n uittreksel oor landelik-stedelike migrasie.
- 4.3.1 Wat is *landelik-stedelike migrasie*? (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Die uittreksel impliseer 'hoop' uit landelik-stedelike migrasie. Wat verwag die migrante in die stedelike gebiede? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Verduidelik waarom landelik-stedelike migrasie nie altyd tot 'n verbetering in lewenstandaard van landelike migrante lei nie. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 Evalueer in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls die negatiewe uitwerking van landelik-stedelike migrasie op stede. (4 x 2) (8)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat op die stedelike profiel gebaseer is.
- 4.4.1 Wat beeld 'n stedelike profiel uit? (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Gee 'n rede vir die gebouedigheid in die SSK. (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Waarom word daar dikwels na die oorgangsones as die vervalsone verwys? (1 x 2) (2)
- 4.4.4 Bespreek TWEE probleme in die SSK wat tot die massa-uitstroming (verlaat) van kommersiële funksies gelei het. (2 x 2) (4)
- 4.4.5 Evalueer die invloed wat hierdie uitstroming van funksies op die SSK se status gehad het. (3 x 2) (6)

4.5	Lees die artikel in FIGUUR 4.5 wat op die kwynende mynbousektor in Suid-Afrika gebaseer is.		
4.5.1	Haal uit die artikel aan waarom Suid-Afrika se mynbousektor 'in die moeilikheid' is.	(1 x 1)	(1)
4.5.2	Watter persentasie van die bruto binnelandse produk dra mynbou tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by?	(1 x 1)	(1)
4.5.3	Watter sektore van die ekonomie, volgens die artikel, dink die regering moet ontwikkel word om Suid-Afrika se ekonomie te laat groei?	(1 x 2)	(2)
4.5.4	Verduidelik kortliks waarom die 'onlangse verswakking in die metaalnywerheid en die afname in China se vraag' 'n negatiewe uitwerking op die Suid-Afrikaanse mynbousektor gehad het.	(2 x 2)	(4)
4.5.5	Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls faktore wat tot die onstabiliteit in Suid-Afrika se mynbousektor bygedra het.	(4 x 2)	(8)
4.6	Bestudeer die kaart in FIGUUR 4.6 wat die ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe in Suid-Afrika toon.		
4.6.1	Wat is 'n <i>ruimtelike-ontwikkelingsinisiatief (ROI)</i> ?	(1 x 1)	(1)
4.6.2	Noem 'n Suider-Afrikaanse land in die diagram wat deel het aan of met Suid-Afrika aan die Maputo-ontwikkelingskorridor-ROI saamwerk.	(1 x 1)	(1)
4.6.3	Gee EEN rede waarom die Wildekus gekies is om as 'n ROI ontwikkel te word.	(1 x 2)	(2)
4.6.4	Bespreek TWEE maniere waarop die ontwikkeling van die Maputo-ontwikkelingskorridor-ROI toerisme sal bevoordeel.	(2 x 2)	(4)
4.6.5	Verduidelik hoe die Maputo-ontwikkelingskorridor en die Wildekus-ROI die omliggende plaaslike gemeenskappe bevoordeel het.	(3 x 2)	(6)
			[75]
		TOTAAL:	225



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**GEOGRAFIE V1
FEBRUARIE/MAART 2017
BYLAE**


Hierdie bylae bestaan uit 10 bladsye.

FIGUUR 1.1: SINOPTIESE WEERKAART



[Bron: Suid-Afrikaanse Weerdiens]

FIGUUR 1.3: MIDDELBREEDTE-SIKLOON OOR DIE VSA




[Bron: http://www.geog.ucsb.edu/~joel/g110_w08/lecture_notes/midlat_surface]

FIGUUR 1.4: STEDELIKE HITTE-EILAND




[Aangepas uit [Stuart McMillencartoons.recombinant.records](http://StuartMcMillencartoons.recombinant.records)]

FIGUUR 1.5: 'N RIVIER




[Bron: <http://greatecology.com/restoring-ecosystems-lessons-science>]

FIGUUR 1.6: Tipes Rivervloei




[Bron: http://www.spikehampson.com/images/missouri_river_scenery.jpg]

FIGUUR 2.2: VERSKILLENDE DREINEERPATRONE




[Aangepas uit *Geography GCSE*]

FIGUUR 2.3: BANE VAN TROPIESE SIKLONE IN DIE VSA




[Aangepas uit <http://www.metoffice.gov.uk/data/tropicalcyclone/tctracks/nat15.gif>]

FIGUUR 2.4: ANTISIKLONE OOR SUIDELIKE AFRIKA



[Aangepas uit <http://icesjms.oxfordjournals.org/content/62/1/33/F1.large.jpg>]

FIGUUR 2.5: RIVIERVERJONGING

[Bron: <http://www.alevelgeography.com/wp-content/uploads/2013/11/inc2.gi>]

FIGUUR 2.6: OPVANGSGEBIEDE IN SUID-AFRIKA**GEVALLESTUDIE OOR RIVIERBESTUUR: SUID-AFRIKAANSE OPVANGSGEBIEDE**


Die 'Working for Catchments'-program werk in al die grootste opvangsgebiede en dek baie Suid-Afrikaanse dreineerbekkens.

65% van Suid-Afrika ontvang minder as 500 mm gemiddelde reënval per jaar, en dit beteken dat droogte 'n alomteenwoordige risiko in Suid-Afrika is.

Toekomstige projeksies dui daarop dat die land se waterbehoefte teen 2025 die watervoorsiening sal oorskry tensy daar dringend stappe geneem word om die hulpbron meer volhoubaar te bestuur. Daar is reeds groot probleme met watervoorsiening en watergehalte, met ongeveer 8 miljoen Suid-Afrikaners wat tans nie toegang tot drinkbare water het nie.


[Aangepas uit http://wwf.panda.org/about_our_earth/about_freshwater]

FIGUUR 3.2: Tipes NYWERHEDE



[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 3.3: SATELLIETBEELD VAN 'N LANDELIKE NEDERSETTING WAT OP DIE BINNELANDSE PLATO IN SUID-AFRIKA GELEË IS



[Aangepas uit Google Earth]

FIGUUR 3.4: DATA OOR GRONDRESTITUSIE

	Eise	Hektaar	Begunstigdes	Grondkoste (miljoen Rand)	Totaal toegestaan (miljoen Rand)
Oos-Kaap	16 194	93 600	208 064	213	1 699
Vrystaat	2 654	47 363	40 624	9	178
Gauteng	13 159	9 476	70 179	117	828
KwaZulu-Natal	14 742	610 996	409 323	3 463	5 969
Limpopo	3 067	487 935	215 936	2 360	3 193
Mpumalanga	2 688	389 395	223 524	3 650	4 360
Noord-Kaap	3 663	471 896	97 479	340	1 118
Noordwes	3 707	364 729	169 823	1 130	1 878
Wes-Kaap	15 526	3 132	116 297	23	1 124
Totaal	75 400	2 478 522	1 551 249	11 306	20 350

[Bron: <http://www.iea.org.uk/sites/default/files/publications/files/uldeconomicAffairs>]

FIGUUR 3.5: INFORMELE HANDEL IN SUID-AFRIKA

INFORMELE HANDELAARS SPEEL 'N GROOT ROL IN SUID-AFRIKA SE EKONOMIE

Bydrae deur: Farhaanah Mahomed, 12 Februarie 2015



Daar word beraam dat die informele sektor ongeveer 29 persent tot die land se bruto binnelandse produk (BBP) bydra.

Dit is volgens 'n paneel wat by die Consumer Goods Council of South Africa (CGCSA) Beraad 2014 gepraat het oor die belangrikheid van klein en medium besighede (KMB'e), insluitend informele besighede. Hierdie bedryf staan egter steeds 'n groot aantal uitdagings in die gesig.

Opleiding word as belangrik beskou om kleinsake-eienaars sover te kry om beter, meer effektiewe sakemodelle te implementeer. 'Sommige kleinsake-eienaars ontwikkel hulle maatskappye slegs tot op die punt waar dit lewensvatbaar is om na hulle gesinne om te sien; hulle neem nie uitbreidingstrategieë en werkskepping vir ander in ag nie.'

[Aangepas uit <http://www.cnbc africa.com/news/southern-africa/2014/10/29/smes-informal-sector>]

FIGUUR 3.6: VOEDSELONSEKERHEID**BEËINDIGING VAN GLOBALE HONGERSNOOD**

Toni Muir

Soveel as 795 miljoen mense van oor die hele wêreld ly onder voedselonsekerheid. Die meeste van hierdie mense leef in ontwikkelende lande. Daar is veral baie leë, honger mae in die landelike gebiede van Asië en Afrika. 75% van die wêreld se honger mense woon in landelike gebiede. 50% van die kleinboere verbou bestaansgewasse en is afhanklik van gesinsarbeid.

Hierdie tipe boerdery maak hulle kwesbaar.

Die goeie nuus, volgens die Verenigde Nasies se Wêreldvoedselprogram, is dat hongersnood 'n probleem is wat heeltemal opgelos kan word.

[Bron: SAWUBONA, September 2015]


FIGUUR 4.3: LANDELIK-STEDELIKE MIGRASIE**HOOP**

Susanne Melda, 26 November 2012

Daar word geglo dat landelik-stedelike migrasie verskeie dimensies van migrante se welstand beïnvloed. Begeertes, soos die geleentheid om lewenstandaard en toegang tot beter dienste te verbeter, word nie altyd bevredig nie.

Die migrasieproses word dikwels aangepak met 'n begeerte na beter geleenthede vir sosio-ekonomiese vooruitgang. Dit sluit egter nie altyd 'n verhoogde lewenstandaard en die uitwissing van armoede in nie. Landelike migrante wat hulself in groot stede vestig, is die kwesbaarste en mag onveilige lewensomstandighede ervaar.

[Aangepas uit www.migratingoutofpoverty.org]

FIGUUR 4.4: STEDELIKE PROFIEL

[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 4.5: SUID-AFRIKA SE KWYNENDE MYNBOUSEKTOR**PATEL: SA SE MYNBOUSEKTOR 'IN DIE MOEILIKHEID'**


5 Augustus 2015 11:03 Sarah Evans, Reuters

Die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, Ebrahim Patel, sê Suid-Afrika se mynbosektor is 'in die moeilikheid' omdat dit sukkel om te herstel na die verlies van 23 000 werksgeleenthede sedert April en die daling in kommoditeitspryse in sleutelmarkte soos China. 'Daar was 'n redelike sterk groei in werksgeleenthede oor die afgelope drie maande, maar die mynbosektor is in die moeilikheid,' het Patel Woensdag in 'n onderhoud op Talk Radio 702 gesê.

Die mynbosektor wat ongeveer 7 persent tot Afrika se mees ontwikkelde ekonomie bydra, sukkel met dalende kommoditeitspryse, stygende koste en arbeidsonrus.

Patel het gesê Suid-Afrika moet aan landbou, toerisme en vervaardiging 'n hupstoot gee om te vergoed vir die nagevolge van onstabiliteit in mynbou. Patel het gesê daar is verskeie faktore wat tot die daling bygedra het, wat begin het by die finansiële krisis in 2008 toe 'n miljoen werksgeleenthede verloor is, asook die onlangse verswakking in die metaalmynerheid en die afname in China se vraag daarna. Infrastruktuur, en spesifiek 'n onstabiele elektrisiteitsverskaffing, het ook tot die mynbou se probleme bygedra.

[Aangepas uit <http://mg.co.za/article/2015-08-05g>]

FIGUUR 4.6: RUIMTELIKE-ONTWIKKELINGSINISIATIEWE

[Bron: www.mindset.co.za]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

FEBRUARIE/MAART 2017

MEMORANDUM

PUNTE: 225


Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 14h00 (1)
 1.1.2 Somer (1)
 1.1.3 Trog (1)
 1.1.4 Onstabiel (1)
 1.1.5 NNO (1)
 1.1.6 20 (1)
 1.1.7 Hoër (1) (7 x 1) (7)
- 1.2 1.2.1 C/samevloeiing (1)
 1.2.2 G/sytak (1)
 1.2.3 E/interfluviale rif (1)
 1.2.4 A/dreineerbekken (1)
 1.2.5 H/stroomordes (1)
 1.2.6 B/waterskeiding (1)
 1.2.7 F/riviermond (1)
 1.2.8 D/oorsprong/bron (1) (8 x 1) (8)
- 1.3 1.3.1 A Koue front (1)
 B Warmfront (1) (2 x 1) (2)
- 1.3.2 Volwasse/Warmsektorstadium (1) (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Antiklokgewyse lugbeweging kom in die Noordelike Halfrond voor (2)
 Die VSA is in die Noordelike Halfrond (2)
 Die warmsektor is suid van/die koue sektor is noord van die fronte (2)
 [ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Nimbostratuswolke het 'n groot horisontale verspreiding dus is reën meer wydverspreid (2)
 Die warmfront veroorsaak dat warm lug baie stadig styg wat lei tot reënval oor 'n lang tydperk (2)
 Die gradiënt van die warmfront is meer geleidelik en stygende lug vorm dus nimbostratuswolke (2)
 [ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Swaar reën as gevolg van cumulonimbuswolke (2)
 Donderstorms as gevolg van sterk styging van warm lug (2)
 Weerlig kom voor as gevolg van die interaksie tussen verskillende dele in dieselfde wolk, of tussen verskillende wolke (2)
 Die moontlike ontwikkeling van hael as gevolg van sterk opwaartse en afwaartse lugstrome wat waterdruppels tot benede vriespunt kan voer (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Lugtemperatuur op die aardoppervlak sal daal (sal koud wees) (2)
 Lugdruk sal toeneem (2)
 Windspoed sal afneem (2)
 Humiditeit sal afneem (2)
 Onstabiele weerstoestande sal ophou (2)
 [ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 ... 'n stedelike gebied (soos dorpe of stede) warmer as die omringende landelike gebied is (1)
 [KONSEP] (1 x 1) (1)

- 1.4.2 Kunsmatige oppervlaktes bv. teeroppervlaktes (1)
 Sement-/glas-/metaalgeboue (1)
 Aktiwiteite in die stad soos verkeer/gebruik van masjinerie (1)
 Gebruik van lugverkoelers (1)
 Saamgedromde liggaamshitte (1)
 Hoë geboudigtheid/verlaagde hitteverspreiding (1)
 Hoë geboue blokeer lugvloei (1)
